Klik hier om die eBoek op jou skerm te pas

Volgende bladsy

ePos hierdie eBoek gratis aan vriende

Marionette Meester

‘n Verhaal uit:



Uitgegee deur:
Benedic Boeke
Adres:
Posbus 5646, Helderview,
7135, Suid-Afrika
E-pos:
info@benedic.net
Webwerf:
http://www.benedic.net/

Hierdie eBoek word gratis versprei, met sekere regte voorbehou. Volg hierdie skakel om meer uit te vind.

“Henk,” sê Dirk Venter oor die selfoon. “Ek het ‘n ernstige saak van die hart wat ek dringend met jou wil bespreek.”

“’n Saak van die hart?” Henk van Rijneveldt sit geduldig en wag terwyl ‘n kreunende elektriese motor die swaar ysterhek voor die woonstel-gebou oopstoot. “Jy is mos nie ‘n ou wat deur sulke nonsens gepla word nie...” Die hek staan oop en Henk ry stadig deur na sy parkeerplek.

“Ok maar mens,” sug Dirk oor die foon, “ok maar baie, baie rou met dié soort ding... Ek verkies om dit onder vier oë met jou te bespreek. Mag ek gou oorkom?”

“Ek wag vir jou.”

Koop die Omnibus
Webwerf

‘n Kwartier later gons die interkom. Henk druk die knoppie om die hek oop te maak. “Kom in Dirk, die drinkgoed staan reg.”

“Hoe gaan dit met jou en Sally?” wil Dirk weet terwyl hy in ‘n gemakstoel wegsak.

“Bloot platonies. Niks ernstigs nie.”

“So ‘n mooi kind...” Dirk se oë spot ligweg. “Platonies sê jy?”

Henk roer sy koffie stadig om. “Kom ek stel dit so: daar is gelukkig geen ernstige sake van die hart nie – altans nie die soort wat my om sesuur op ‘n Vrydagmiddag ore in die nek na ‘n pêl toe sal jaag om dit onder vier oë te gaan bespreek nie...”

“Pla ek?” wil Dirk vinnig weet.

Koop die Omnibus
Webwerf

Henk lag. “Nee, gladnie. Om die waarheid te sê, ek brand van nuuskierigheid. Wanneer laas het jy ‘n meisie uitgeneem? Was dit nie in jou derde jaar op universiteit nie?”

“Nooit!” keer Dirk verontwaardig. “Wat van Gertruida daardie tyd toe ek met my doktoraal besig was en wat van Ansie... Maar jy sal nie weet van Ansie nie, jy was toe in die buiteland...”

“Toemaar, toemaar,” paai Henk goedig. “Ek het maar net begin glo jy is ‘n geswore oujongkêrel... Word jy nie vanjaar agt-en-dertig nie? En nou begin die ou hart skielik pla, sê jy?”

“Wil jy hoor of wil jy nie hoor nie?”

“Natuurlik wil ek hoor...”

Koop die Omnibus
Webwerf

“Die saak staan so...” Dirk neem ‘n slukkie uit die wynglas. “Ek bly mos deesdae in daardie nuwe plek, die Mona Liza.”

“In die ou dae het ons dit sommer ‘n privaat hotel genoem, ja,” val Henk hom vinnig in die rede.

“Met ‘n verskil. Die Mona Liza is *up market*. Dis nie ‘n gommerige plek nie en in elk geval het die Mona Liza ‘n restaurant. Nou, in die restaurant, so skuins oorkant die tafel waar ek gewoonlik sit, sit daar ‘n meisie...”

“'n Meisie van alle dinge,” spot Henk en sit 'n leë glas op die koffietafel neer.

“Wel, dis ‘n... ek sal maar sê ‘n interessante meisie,” sê Dirk effens

Koop die Omnibus
Webwerf

ongemaklik.

“Interessant? In watter opsig? Die klere wat sy dra? Die dinge wat sy sê?”

“Wat voorkoms betref - donker oë, swart hare, lank, mooi gebou... ‘n Dekselse mooi meisiekind...”

“So?” Henk lig sy wenkbroue verbaas. “Die hele Pretoria is propvol dekselse mooi meisiekinders. Waarom pla dit jou nou skielik? Dit het jou nie juis in die verlede gepla nie.”

“Maar hierdie meisie pla my.”

“Waarom?”

“Ek weet nie. Sy lyk net... wel, na ‘n interessante mens.”

“Het jy al met haar gesels?”

Koop die Omnibus
Webwerf

Dirk vee afgetrokke met sy hand oor sy hare. “Nee.”

“Ag kom nou, Dirk!” Henk staar hom ongelowig aan. “Hier sit die meisie, volgens jou eie getuienis, enkele tree van af jou af in die eetsaal...”

“Restaurant,” help Dirk hom vinnig reg. “Die Mona Liza is nie ‘n skoolkoshuis nie. Dit het ‘n a la carte-restaurant.”

“Goed, restaurant. Maar net soos in die geval van ‘n skoolkoshuis sit jy, Dirk Venter, ‘n yslike, agt-en-dertigjarige lummel, haar soos ‘n tiener en beloer en bewonder en jy het nie die moed om met haar te praat nie!”

“Dit klink maar simpel as jy dit so

Koop die Omnibus
Webwerf

stel," sê Dirk verleë, "maar dis so min of meer wat besig is om te gebeur... Maar ek kan mos nie sommer na haar toe stap en sê naand, ek is Dirk Venter en ek wil met jou praat nie. Dis *common*, man!"

"Dis al wat ek teen julle geleerde ouditeure het," sê Henk met 'n spotlaggie. "Weet alles van syfers en beleggings en hoe om jou geld op te pas maar as dit kom by wóórde! Loop lees 'n slag 'n klomp gedigte, man! Daar sal jy gou 'n klomp heuning-soete woorde optel wat dié meisie-mens se hart blitsvinnig sag sal maak..."

"Wel, as dit sal help... Watter gedigte?" wil Dirk desperaat weet.

Koop die Omnibus
Webwerf

“Wat is haar naam?”

“Ek weet nie”

“Jy weet nie?” wil Henk ongelowig weet. “Wat doen sy?”

“Ek is nie seker nie. Ek meen amper iemand het gesê sy is ‘n aktrise...”

“Pasop, Dirkman!” waarsku Henk spottend, “nou stap jy in gróót moeilikheid in...”

“Waarom?”

“Aktrises vreet groot, vet oujong-kêrels vir brekfis op. Van jou gaan daar net ‘n paar klossies hare oorbly.”

“Wil jy my help of wil jy my nie help nie,” wil Dirk moedeloos weet.

“Ja,” sê Henk skielik. “Ek wil jou help. Hier is die plan: vanaand, as

Koop die Omnibus
Webwerf

julle weer saam sit en eet... Of nee, sy is ‘n aktrise, sy sal seker vanaand besig wees met ‘n opvoering of ‘n ding?”

“Sy was die afgelope week elke aand daar. Dit lyk nie of sy besig is nie.”

“Goed, vanaand gaan jy totaal anders eet as ooit in die verlede... In stede van oor jou bak kos buk en dit inwerk sonder om links of regs te kyk, sit jy vanaand beskaafd, mondjie vir mondjie en eet en jy kyk so elke dan en wan in die eetsaal rond...”

“Restaurant,” help Dirk hom reg.

“Wat bedoel jy, ek sit en kyk rond?”

“Jy sit, soos ‘n hoogs beskaafde heer jou mes en vurk af en toe neer, jy kyk belangstellend na die ander mense

Koop die Omnibus
Webwerf

om jou en jy kyk óók, heel dikwels, in die rigting van jou skone aktrise. Jy trommel, terwyl jy op die volgende gereg sit en wag, so effens ongeduldig met jou vingers op die tafel en jy probeer net so éffentjie, baie effentjies, verveeld lyk. Dan kyk jy weer vir swartkoppie en as jy haar oog vang, glimlag jy fyntjies, sug ligweg en kyk vlugtig op jou horlosie...”

“Is jy ernstig?” wil Dirk ongelowig weet.

“Het jy kom raad soek, of is jy net terwille van die wyn en die goeie geselskap hier?”

“Maar om so te sit en toneelspeel?”

“Wel, jy het gesê sy is ‘n aktrise. Dalk

Koop die Omnibus
Webwerf

hou sy daarvan... Elke dingetjie wat jy vanaand doen moet bestudeerd wees. Jy wil die indruk skep van ‘n gesofistikeerde man, iemand wat op hierdie Vrydagaand deksels verveeld is, want jy bring jou Vrydagaande in uitgesoekte geselskap deur. Dan, terwyl jy eet, sit jy haar nie net bewonderend en beloer nie, jy kyk mooi wat sy doen en hoe sy met die ete vorder. Jy sorg dat jy so ‘n kort koppie voor haar klaar maak. Net voor sy haar koffie bestel, haal jy diep asem, staan op, stap reguit na haar tafel en sê: “Goeienaand. My naam is Dirk Venter. Voel jy nie lus om saam met my ‘n lekker koppie koffie buite op die stoep te gaan

Koop die Omnibus
Webwerf

drink nie...”

“Dit klink nie sleg nie,” sê Dirk instemmend. “En dan?”

“En dan, dr. Venter,” sê Henk geheimsinnig en staan op. “Dan raak die saak effens meer ingewikkeld.” Hy maak sy aktetas oop, haal sy koerant uit en skeur ‘n bladsy daaruit. “Hier is Beeld se vermaaklikheidsblad. Neem dit saam, lees dit deeglik deur, kyk veral mooi na watter opvoerings aan die gang is en as dit blyk dat juffrou swartkoppie nie weet wat om môre-aand met haarself aan te vang nie, dan kom jy met ‘n intelligente voorstel. En nou moet jy skoert want ek moet my hare kam want ek gaan uit vanaand.”

Koop die Omnibus
Webwerf

Net voor Dirk by die deur uitstap roep Henk uit die badkamer: “Onthou nou, jy is ‘n gedistingeerde heer. Jy bestel ‘n puik bottel wyn aan tafel en moet haar asseblief nie na die een of ander simpel fliek neem nie. Soek ‘n fênsie opvoering of ‘n ding uit...”

“Wat van *Mr Bones*?” vra Dirk met ‘n kekkellaggie toe hy uitstap.

“Ja, skiet jouself in die voet, *cowboy*” grom Henk langs sy tandeborsel verby.

Kwart oor agt Saterdagoggend begin Henk se selfoon op die kassie langs sy bed sing.

“Dirk,” kreun hy. “Ek is moeg. Kan jy

Koop die Omnibus
Webwerf

nie later bel nie?”

“Dit het gewerk!” jubel Dirk laggend in Henk se oor.

“Wat het gewerk?”

“Jou plan. Ek het gemaak net soos jy gesê het. Toe werk dit! Sy het gesê ons kan vanaand saam uitgaan!”

“Wat is haar naam?”

“Anli von Molendorff.”

“Wáááát! Weet jy wie sy is?” wil Henk geskok weet.

“Ja, sy werk met poppekaste of iets.”

“Sy is die beste marionettespeler in die land! Daardie *girl* is beroemd! Waar gaan julle heen vanaand?”

“Ek het ‘n opera voorgestel en toe ‘n Engelse toneelstuk maar sy het gesê nee, sy voel nie lus daarvoor nie. Nou

Koop die Omnibus
Webwerf

gaan eet ons iewers.”

“Waar?”

“Ek weet nie. Ek het gedog ek sal vir jou vra,” sê Dirk onderdanig.

“Wel, so ‘n meisie kan jy net Woodpecker Inn toe neem.

“Waar’s dit?”

“Midrand.”

“Sal jy vir my ‘n kaart kan teken?

Henk sug en skuif teen die kussings op. “Jy kan in elk geval nie met daardie skedonk van jou ry nie. Jy sal ‘n ordentlike ryding moet huur.”

“Twak! Daardie goed kos R100 per dag!”

“Nee, die soort wat jy gaan huur kos nader aan R400 per dag. Jy neem haar ten minste met ‘n BM uit...”

Koop die Omnibus
Webwerf

“Is daardie restaurant duur?” wil Dirk versigtig weet.

“So twee, driehonderd rand...

“Saam?”

Henk grynslag. “Nee, per persoon, as julle net so ligweg pik-pik. Die wyn is ekstra – so in die omgewing van R100 per bottel.”

“Dis verskriklik! Ek is bankrot na dese,” sug Dirk moedeloos.

“Dis Anli von Molendorff, jy sal moet uithaal en wys...”

“Sy is pragtig,” sê Dirk bewonderend. “Ons het tot laataand gesels. Sy is regtig iets besonders...”

“Luister, ek is vaak, ek wil nog slaap,” Henk begin afsak in die bed. “Kom vanmiddag hierheen. Ek sal vir jou ‘n

kaart teken hoe om daar te kom en ek sal intussen vir julle plek bespreek by die Woodpecker Inn. En jy ry met my kar. Jy kan nie met daardie wrak van jou ry nie."

"Ek huur liewer. Dit klink aardig as ek sê ek het 'n pêl se kar geleen."

"Sê vir haar dis boet Henk se kar. Dit klink beter as jy sê dis jou broer of 'n familielid se ryding."

"Maar jou motor is outomaties."

"Juis! Dis net reg vir 'n Rip van Wyk soos jy. Jy gaan te veel sukkel met 'n vreemde, gehuurde ryding met handratte. Sy sal niks van jou dink as jy heelpad sit en ratte krap nie."

'n Paar weke later skakel Dirk vroeg

op ‘n Donder-dagaand. “Hoekom klink jy so dikbek?” wil Henk weet. “Ek het nog nie gesê jy mag nie hierdie naweek my kar leen nie - al het ek laas geskimp dat tien keer in minder as twee maande ‘n bietjie erg raak...”

“Dis nie dit nie,” sê Dirk swaar-moedig. “Sy gaan weg.”

“Waarheen?”

“Kaapstad, Durban, Bloemfontein... Sy neem die vertoning wat sy die afgelope tyd ingestudeer het na ‘n klomp teaters...”

“Koebaai, Anli von Molendorff,” sug Henk gelate.

“Ek moet iets doen,” sê Dirk desperaat. “Ons staan nog wêrelde

Koop die Omnibus
Webwerf

ver van mekaar af. Ek moet nader aan haar kom..”

“Het jy haar al gesoen?”

“Nee, waarvan praat jy! Sy is nie van die soenerige soort nie.”

“Oppas, Dirkman! Dis koebaai, Anli von Molendorff!”

“Gee my raad man,” pleit Dirk.

“Het jy al haar hand vasgehou?”

“Hoe kan ek? Ons kan tog nie in restaurante en in die Mona Liza se gange staan en handjies vashou nie! Die plekke is net nie reg nie!”

“Dis koebaai,” verseker Henk hom, “tensy jy haar op die regte plek kry waar jy haar hand kan vashou...”

“Hoe?”

“Al ooit gehoor van Bergsig?”

Koop die Omnibus
Webwerf

“Nee, wat is dit? Alweer ‘n restaurant wat my R721 vóór die fooitjie kos?”

“Nog erger. Dis ‘n pragtige wegkruipplekkie bo in die berge naby Sabie. Dit kos net R545 per persoon per nag vir slaapplek, die restaurant is ongelukkig ekstra maar vergelyk, wat kos en pryse betref, baie goed met die Woodpecker in Midrand...”

“Wel, ons kan dalk Saterdagaand daar oorstaan en Sondag sorg dat ons voor ete weer terugkom...”

“O nee,” help Henk hom reg. “Julle ry Vrydagmiddag, slaap Vrydagaand en Saterdagaand daar en kom - as alles reg verloop het – baie laat Sondagaand terug.”

“Hoe bedoel jy as alles reg verloop

het...”

“Jy volg net my instruksies. Ek sal jou mooi verduidelik wanneer jy haar handjie in jou growwe poot moet omklem, wanneer jy haar moet soen en so aan...”

“Maar dis nie ‘n saamslapery nie?” wil Dirk agterdogtig weet. “Ek bedoel, elke ou slaap in sy eie kamer?

“Dirk...” sê Henk gemaak-geskok. “Waaraan dink jy nou alweer? Skaam jou, man!” Hy kyk op sy horlosie. “Dis nou agtuur. Gaan klop die meisie op en vra of sy wil saamgaan. As dit reg is, kom drink ‘n dop sodat ek jou mooi kan vertel hoe om jou marionettespeler se toutjies te trek...”

‘n Halfuur later stap Dirk die woonstel binne. “Dis reg,” sê hy ingenome. “Sy sal saamgaan – op voorwaarde dat ons boet Henk se kar kan leen...”

“Nonsies! Hoe kom ek Saterdag-oggend by die gholfbaan?”

“Ek los mos my kar hier by jou. Jy kan nie nou nee sê nie. Anli sê boet Henk se kar ry soos ‘n droom. Sal jy my nou asseblief sê hoe ek die naweek te werk moet gaan?”

“Eerstens, het jy al ‘n nuwe battery in daardie wrak van jou laat sit? Ek gaan nie weer dat al my gholfpêlle daardie rammelkas heen en weer voor die klubhuis stoot nie.”

Koop die Omnibus
Webwerf

“Ja, ja,” sê Dirk ongeduldig. “Onthou net die noodwiel is pap. Jy moenie ‘n papwiel kry nie. Kom ons gaan stap vir stap deur die naweek. Wat moet ek Vrydagaand doen? Net gewoon uiteet?”

“Julle gaan eet in die restaurant, ja. Mooi stadig en sonder ‘n gejaag. Goeie wyn, goeie kos... Jy sorg dat jy redelik naby aan haar sit. Jy leun dikwels intiem oor en kompli-menteer haar oor hoe sy lyk, sê vir haar dis ‘n baie spesiale aand vir jou... Halfpad deur die ete raak jy toevallig en heel per ongeluk aan haar hand – wat hopelik langs jou op die tafel lê. As sy haar hand verskrik wegpluk asof ‘n pofadder haar gepik

Koop die Omnibus
Webwerf

het, eet klaar en gaan slaap en kom Saterdagoggend terug huis toe. As sy haar hand stadig wegtrek, na jou kyk en glimlag, neem haar na die ete uit in die tuin en sit daar en gesels tot halfelf, gaan dan slaap en kom Sondagoggend terug. As sy – mag die gode jou behoede, dr. Dirk Venter – nie haar hand wegtrek nie en die terloopse aanraking oënskynlik intens geniet, moet jy onmiddellik om verskoning vra...”

“En sê ek is jammer dat ek aan haar hand geraak het?” wil Dirk dom weet.

“Nee! Jy vra haar om jou te verskoon, jy spring op en gaan bel my dadelik sodat ons jou strategie vir die res van

die aand en wie weet, vir die nag kan uitwerk... Kom ons bel Bergsig nou en hoor of hulle twee kuise enkelkamertjies vir die naweek beskikbaar het...”

Dirk is Sondagmiddag net na vyf terug. “Dankie vir die motor,” sê hy stilweg en gee die sleutels vir Henk. “Anli sê boet Henk het ‘n wonderlike motor. Terloops, wat kos die goed deesdae..?”

“ ‘n Skamele R265,000 maar dan moet jy spring, die pryse gaan glo binnekort ‘n kerf of twee op. Swak rand, soos jy as kundige geldman sal weet... Hoe was die naweek? Jy het nie geskakel nie, ek aanvaar jy het

nie fase drie van ons plan gehaal nie?”

Dirk haal sy skouers op. “So-so...”

“Het jy darem aan haar hand gevat?”

“Sy het wonderlike, ferm hande met sulke raakvat vingers...”

“Dit klink belowend... So jy het darem fase twee gehaal. En gesoen?”

“Sy is nie eintlik van die soenerige soort nie. Sy het my darem so ‘n piksoentjie gegee toe sy netnou koebaai gesê het.”

“Koebaai gesê? Het sy jou gelos?”

“Nee, maar sy ry môre Durban toe vir die eerste van die reeks vertonings.”

“En jy sê nóú al koebaai?” wil Henk verstom weet.

“Natuurlik, wanneer anders dan.”

“Ek sou sê die aangewese tyd is môre, wanneer sy ry.”
“Maar sy ry eers tienuur môre-oggend.”
“Wat daarvan?”
“Dan is ek al op kantoor...”
Henk sug moedeloos. “Dirk, as jy iets voel vir die meisiekind sal jy haar help kar pak, jy sal om haar draai soos ‘n dorstige by, jy sal selfs agter haar aanjaag en haar op Bapsfontein met toetergeskal afsien...”
“Regtig?” wil Dirk verbaas weet. “En wat sê ek vir die mense op kantoor? Hoekom is ek laat?”
“Jy sê niks. Jou glinsterende oë sal alles sê... Luister, hierdie spel is ‘n fyn spel wat jy reg moet leer speel.

Doen my ‘n gunsie... As jy môreoggend by die parkade onderkant jou kantoor instap, skiet net gou by Heilie se Blommewinkel in. Vra vir Heilie om dringend twaalf bloedrooi rose voor nege-uur by Anli von Molendorff in die Mona Liza af te lewer. Ek belowe jou, jy sal hoogstens twaalf minute later as gewoonlik op kantoor aankom. En stuur ‘n kaartjie saam met die blomme...”

Hy skryf op ‘n velletjie papier: *Ek gaan jou mis. Groot sukses met die vertonings. Laat hoor so af en toe van jou. My selnommer is 053 677 8989 – Dirk.*

“Sy het toe wraggies my selnommer gebruik” sê Dirk ingenome toe hy vir Henk ‘n week later by die gholfklub raakloop. “Twee keer al. Eers om dankie te sê vir die blomme en vanoggend weer om te sê die vertonings in Durban is ‘n groot sukses. Trek glo vol sale.”

“Mooi! Jy kom reg.”

“Wat doen jy volgende naweek?”

Dirk tel sy gholfsak uit die motor se kattebak.

“Die gewone: kom speel ‘n bietjie gholf, doen ‘n bietjie opleeswerk... Dis mos universiteitsvakansie.”

“Jy voel nie lus om saam te ry Durban toe nie?”

“Om te wat?” wil Dirk verbaas weet.

Koop die Omnibus
Webwerf

“Wel, ek gaan ‘n bietjie vir Anli kuier. Jy kan lekker op die strand lê.”

“Hoe kom jy daar? Gaan jy vlieg, met die bus ry?”

“Nee, met my motor...”

“Met daardie skedonk van jou! Vergeet dit!”

“Ek kry Maandag my nuwe motor... Net so ‘n sportkoepee soos die een waarmee boet Henk ry.”

“Wraggies!” Henk kyk verras op.” Wanneer ry jy Durban toe?”

“Vrydagmiddag, net na twee.”

“Waar bly jy?

“By daardie lekker hotel by Umhlanga. Die een op die strand.”

“Wie betaal?”

Dirk huiwer ‘n oomblikkie. “Wel,

Koop die Omnibus
Webwerf

aangesien jou konsultasiewerk oënskynlik begin vrugte afwerp, sal ek betaal.”
“Kom ons ry.”

Dirk ry Vrydag trapsuutjiesstadig met sy nuwe motor Durban toe. Hulle kom eers na nege by die hotel in Umhlanga Rocks aan. Laataand sit hulle op die hoë kweekwal voor die hotel en bier drink.
“Wat doen jy en die meisie môre-aand?” wil Henk weet en stoot sy bene reguit.
“Uiteet...” Dirk staar droomverlore oor die see.
“Jy kan nie heeltyd uiteet nie,” betig Henk hom ongeduldig. “Kyk hoe lyk

Koop die Omnibus
Webwerf

jy al van uiteet. Buitendien, die arme meisiekind wil dalk iets anders, iets meer opwindends doen...”

“Soos wat?”

“Soos dans... Hier is wonderlike dansplekke in en om Durban. Hier na Westville se kant toe is die Why Not?... ‘n Jollie plek met heerlike etes...”

“Ek sal nooit die pad kry nie. Liewer maar fliek toe.”

“Is dit die beste plan wat jy kan bedink?” wil Henk moedeloos weet. “Die arme mens swoeg vir twee weke lank elke liewe dag in ‘n teater en dan kom haar held op sy wit perd - wat soos boet Henk se perd lyk - en sleep haar na ‘n bedompige fliek. Ek dink

Koop die Omnibus
Webwerf

sy het in hierdie twee weke elke fliek gesien wat sy wou sien.”

“Goed, goed! Dan dans ons. Maar jy sorg dat jy saamgaan.”

“Ek?” wil Henk verontwaardig weet. “Ek wat net ‘n swembroek en ‘n tandeborsel vir my naweek op die strand saamgebring het?”

“Ja jy, met jou swembroek en jou tandeborsel.”

“Of wag ‘n bietjie,” sê Henk nadenkend en staan haastig op. “Ek wil net gou my swart boekie in die kamer gaan haal.”

Hy kom terug met sy selfoon en ‘n swart notaboekie in die hand. “In hierdie dorp bly, volgens my boek van nimmereindigende vreugdes, ses

Koop die Omnibus
Webwerf

vriendelike dames met wie ek al in die verlede aangename, diepsinnige gesprekke gevoer het...”

Dirk grinnik. “Diepsinnige gesprekke...Ek glo jou, maar ek weet daar is ses vriendelike dames wat van beter weet...”

Henk hou sy boekie teen die lig en probeer die name lees. “Wat van Annie?” wil hy weet.

“Kannie weet van Annie,” sê Dirk.

“Noudat jy dit uitspreek klink Annie skielik vir my te doodgewoon, te alledaags...” Hy blaai verder deur die boekie. “Ah,” sê hy ingedagte. “Wat van Patricia? Klink beter, nie waar nie?”

“Klink Engels. My Engels is vrot.”

Koop die Omnibus
Webwerf

“Jy is in elk geval nie veronderstel om met haar te praat nie. Jy het net oë en ore vir Anli von Molendorff, onthou?” Henk skakel die nommer. Dit lui en lui maar daar is geen antwoord nie. Hy probeer vir Susan, hy probeer vir Trix, hy probeer vyf van die ses name in sy boekie. Die wat antwoord het reeds ‘n afspraak, die ander is nie tuis nie. “Dan het die gode besluit dit sal doodgewone Annie wees,” sê hy nadenkend en skakel die nommer. Annie antwoord dadelik. Ja dis lekker om weer van hom te hoor. Uitgaan? Môreaand? Waarheen? Die Why Not? Klink opwindend. Goed, agtuur môre-aand...

Henk skakel die foon selfvoldaan af. “Annie en Anli... Henk en Dirk... Dis al of ons twee se name ‘n fyn, poëtiese ritme mis. Kom ons maak dit, net vir môreaand, Henk en Herklaas...”

“Twak,” grom Dirk in sy bier. “Klink te veel na baas en klaas... Hoekom nie liewer Dirk en Zirk nie? Dit klink baie meer teaterig. Anli sal daarvan hou...”

“Dirk en Zirk, Anli en Annie... Pragtig! Zirk sal môre, as jy jou geliefde in Durban gaan wakker kus, moet saamry stad toe... Die swembroek en die tandeborsel sal nie pas in ‘n deftige dansplek nie.”

“Ek dog die plek se naam is Why

Koop die Omnibus
Webwerf

Not? Waarom níé met ‘n swembroek en ‘n tandeborsel dans nie?”

“Beentjies is te dun en te wasbleek vir ‘n Durbanse nooi... ‘n Mooi, lekkerdans-chino is beter,” besluit Henk. “Terloops, wat trek jy môreaand aan?

“Ek het my kerkpak saamgebring...”

Dirk stik in sy bier. “Jy sal môre-oggend éérs saam met my gaan klere koop voor jy vir Sneeuwitjie gaan wakker soen. Nou wéét ek waarom jy soos ‘n skilpad met die meisie vorder,” grom hy, “... dans in sy kerkpak...”

Hulle laai Saterdagaand eers vir Annie op en ry toe na Anli. Henk en

Annie sit agter in die motor en wag.

“Anli,” sê Dirk plegtig toe hulle by die motor kom. “Dis Annie en dis Zirk.”

Henk buk vorentoe en druk die knoppie wat die motor se sondak oopskuif. Hy gaan staan regop en troon bo by die sondak uit. “Naand Anli,” sê hy en groet haar met die hand terwyl hy halflyf bo by die dak uitpeul. “Jammer ek kan nie uitklim nie. Die ding het nie agterdeure nie. Ek sal dié ou ontwerpfoutjie môre-oggend met ‘n blikskêr regsien, ek belowe.”

Sy lag en toe sy inklim kyk sy bewonderend in die nuwe motor rond. “Dis pragtig Dirk!” sê sy opreg. “Dit lyk nes jou boet Henk se

motor...”

“Foeitog, Dirk,” sê Henk treurig. “het jy al vir Anli gesê boet Henk se kar is teruggevat omdat hy nie met die paaiemente kon byhou nie?”

“Hierdie mannetjie,” sê Dirk so waardig as moontlik, “lieg soos ‘n gewoontemisdadiger. Jy mag nie ‘n enkele woord glo wat hy vanaand sê nie... Behalwe as hy vir jou sê sy eintlike naam is Henk.”

“Ek wou sê jy is mos Henk, wat is die skielike Zirk-storie?” lag Annie.

“Is jy Henk?” wil Anli verbaas weet. “Regtig? Is julle nou hierdie keer ernstig?

“Dis Henk, ja,” sê Dirk.

“Wel, dan sê ek maar weer,

Koop die Omnibus
Webwerf

aangename kennis. Dirk het so baie van jou gepraat, ek het al gewonder wanneer ek jou eendag gaan ontmoet...”

“Die vraag wat nou die hele aand soos ‘n swaard oor ons vrolikhede gaan hang is natuurlik watse baie dinge Dirk in jou oor gefluister het... Positiewe of negatiewe dinge?”

“Dirk, is jy in staat om lelike dinge van jou vriende in onskuldige meisietjies se ore te fluister..?” wil Anli weet.

“Ek probeer om onder moeilike omstandighede my pad na die Why Not? te vind,” sê Dirk ongeduldig. “Moet asseblief nie nou onnodige eise aan my stel nie – veral nie aan

Koop die Omnibus
Webwerf

my gewete nie. Ek hou nie daarvan om te lieg nie...”

In die restaurant sit Henk regoor Anli von Molendorff. Sy is veel aantrekliker as wat selfs Dirk se lofprysinge hom laat glo het dat sy sal wees – lank, donker soos ‘n Spaanse skoonheid met smeulende oë wat hom na woorde laat soek as sy hom vas in die oë kyk.

Hulle eet en Dirk en Anli skuifel op die dansbaan rond. Toe ritteltit Henk en Annie tot die sweet hom aftap. Hy kom sit na ‘n ruk uitasem teenoor Anli en skink sy wynglas vol.

“Waar het jy só leer *jive*?” wil sy bewonderend weet.

Hy lag. “Ek is ‘n mannetjie vannie

Koop die Omnibus
Webwerf

Kaap," sê hy. "Ons ken van riel dans..."

"Ek sukkel al maande lank om een van my poppe so te laat dans. Daar is iets wat ek mis, iets wat ek net nie reg doen nie... Jy moet vir my wys presies wat jy doen, asseblief."

"Is dit 'n uitnodiging om met jou te dans?" terg hy, "hier, voor hierdie jaloerse Dirk?

Sy lag. "Dis 'n doodgewone sake-versoek. Jy lewer 'n professionele demonstrasie en ek verwerk die inligting in 'n marionettespel."

"En wat," wil hy gemaak-ernstig weet, "gaan jy die pop noem wat my danspassies op die verhoog moet naboots?"

Koop die Omnibus
Webwerf

“Wat van boet Henk?” wil sy glimlaggend weet.

Henk staan op. “Dirk, gee jy om om vir Annie op te pas? Jou meisie het my gevra om die riel vir haar te dans. Die orkes speel nou wel op die oomblik ‘n *slow shuffle*, maar ek wil solank opwarm vir wat kom...”

Hulle skuifel stadig oor die baan. Verbeel hy hom, of begin sy geleidelik al nader aan hom beweeg?

“Ek wil eendag een van jou vertonings bywoon,” sê hy, sommer net om iets te sê.

“Hoekom?” wil sy weet.

“Dit fassineer my... Die kuns om deur jou vingers lewe in ‘n dooie pop te blaas, dit karakter, ‘n lewe van sy eie

te gee...”

“Ek kan jou nie veel daarvan leer nie...”

Hy bly ‘n lang ruk stil. Toe hou hy skielik op met dans en stoot haar ‘n entjie van hom af weg. “Het ek reg gehoor?” vra hy met laggende oë.

“Wat?” wil sy ondeund weet.

“Dat jy my niks kan leer nie. Omdat ek weet hoe om poppe te laat dans?”

“Ja,” sê sy eerlik en kom kruip vas teen sy bors.

Hulle dans verder en sy sê saggies: “Jy is nie George Bernard Shaw met sy Pygmalion nie... Jy’s maar net ‘n gewone marionettespeler soos ek, wat vir Pinocchio aan die dans gekry het...”

Koop die Omnibus
Webwerf

“Jy praat in raaisels,” fluister hy uit die veld geslaan.

“Jy het Pinocchio amper volmaak leer dans, maar jy kon hom nie leer om lief te hê nie.”

Sy hart klop bo in sy keel. “Praat jy van Dirk?” wil hy hees weet.

Sy lag saggies. “Hy het alles reg gedoen. Maar daar is nie liefde nie.”

Hy stuur haar stadig na die oop deur aan die anderkant van die dansvloer. Toe skuif hulle by die deur uit tot by ‘n lae muurtjie op die kant van die stoep. Hulle gaan sit op die muurtjie.

“Hoe lank glo jy al dié storie?” wil hy verwonderd weet.

Sy glimlag. “Marionette speel is my lewe, onthou. Ek het baie gou

Koop die Omnibus
Webwerf

iemand anders se manipulerende hand agter alles wat Dirk gesê en gedoen het gewaar."

Hy sit sy hand om haar skouer en trek haar stadig nader. "En toe?"

"Toe besef ek dit is die hand van 'n meester..." Haar lippe is sommer hier naby... "Toe begin ek soek na boet Henk... "

"Hoekom?" Sy hart klop woes.

"Ek kon sien daar is hope liefde in die man wat die toutjies trek... Alles wat hy vir Dirk laat doen het, het dit vir my gesê."

"En nou?" vra hy saggies.

"Jy kan my soen," fluister sy, "dan sal jy weet wat nou..."

Arme ou Dirk, dink hy en buk af om

Koop die Omnibus
Webwerf

haar te soen, dis koebaai, ou Dirkman... ek hoop nie jy gaan vir my te veel die vieste in wees nie...

Koop die Omnibus
Webwerf